



No. 31 van 2019



Sentrale Volksskool Kroonstad Skoolhoof: Mnr. LGH Welthagen Tel. 056 212 5731 Faks 056 212 5201 Hillstraat 92

### Uit die hoof se kantoor

Ons wil net graag ons ouers bewus maak van die prefekterverkiezing wat volgende kwartaal gaan plaasvind. U kind gaan die inligting rondom die verkiesing kry en ons vra dat u dit deeglik sal deurlees. U sal ook sien dat ons prefekte van volgende jaar af ook padpatrolliedienste, as leiers gaan doen.

### NEEM ASSEBLIEF OOK KENNIS DAT LEERLINGE WAT DEBIETPUNTE TEEN HUL NAME HET. SE DEBIETPUNTE VAN HUL STEM TOTALE AFGETREK SAL WORD.

Leerlinge wat nie hul vorms vir sport, kultuur of enige ander prestasies aan die begin van volgende kwartaal gaan ingee nie, sal nie hul pryse tydens die Prysuitdeling ontvang nie. Daar is baie administratiewe werk aan hierdie voorbereiding verbonde en ons kan nie die inligting later as 1 Oktober 2019 ontvang nie.

Die koshuis hou hul Opedag of Oorslaap op 2 Oktober 2019 en ons nooi alle leerlinge wat graag wil oorslaap om vir tannie Elize of Barbara te laat weet. Dit kos net R100 en sluit in hul aandete, oorslaap, marshmellow braai en ontbyt die volgende oggend. Leeringe bring net hul eie beddegoed, toiletware, slaapkler, skoolklere, handdoek en swemklere saam. Daar sal ook 'n snoepie beskikbaar wees, bring dus 'n sakgeldjie saam.

Ons stel u ook in kennis van die Begrotingsvergadering wat op 22 Oktober 2019 om

17:30 in die skoolsaal sal plaasvind. Die begroting sal van Maandag 21 Oktober 2019 by Mev Elbé Wessels beskikbaar wees indien u dit graag voor die tyd wil deurgaan. Ons vra dat u as ouers in groot getalle sal opdaag sodat ons 'n goeie en volledige begroting kan saamstel.

Graag stel ons u net in kennis dat die 3(drie) graad 6 klasse van volgende kwartaal af net twee(2) klasse gaan wees. Die getalle van die twee klasse regverdig net twee personeellede en daarom het ons geen ander keuse as om hierdie klasse saam te gooi nie.

Soos u weet maak Mev Seugnet Oelofse ook klaar wat beteken dat ons nie iemand nuut in die pos wil aanstel net vir die vierde kwartaal nie. Ons wil graag ons eie personeel wat die kinders reeds ken gebruik vir die vierde kwartaal aangesien dit slegs 4 weke lank is.

Namens die skool wil ons vir elke onderwyser, ouer en kind 'n heerlike rustyd toewens en ons hoop dat julle uitgerus sal terugkom vir 'n baie kort, maar besige, kwartaal. Sterkte aan elke kind wat by een of ander aktiwiteit betrokke is gedurende die vakansie, ons is trots op elkeen van julle.

## Datumlys

20/09	Skool sluit 10:00	
20 - 22/09	Krieket: Vrystaat Skole toernooi	Bloemfontein
21 - 23/09	Perdry: Western Mountain game	Parys
01/10 Dag 1	Skool open om 07:25	
02/10 Dag 2	Koshuis Opedag	

### SENTRALE VOLKSSKOOL

#### BELEID T.O.V DIE VERKIESING VAN DIE LEERDERRAAD EN PREFEKTE

Die Bestuurspan en gr. 6 klasopvoeders kontroleer aan die einde van die derde kwartaal watter leeders nie aan die kriteria van leiers voldoen nie.

Die bestuurspan kry nou geleentheid om hierdie leeders uit te skakel met swak of verdagte gedrags- en akademiese rekords of weens hul onbetrokkenheid op sport- en/of kultuurgebied.

**AKADEMIE:** 'n Kandidaat moes ten minste 'n gemiddelde Vlak 3 vir al sy 6 leerareas oor 3 kwartale behaal het.

**BUITEMUURS:** 'n Kandidaat moet deurlopend ten minste aan een skoolsport- en/of skoolkultuur-aktiwiteit deelneem.

**DISSCIPLINE:** Leeders met 2 detensieklasse en meer vir die betrokke jaar, mag nie as leier verkies word nie. Klasopvoeders in graad 6 moet dus deeglik rekord hou van alle oortredings. Positiewe gedragspunte kanselleer nie die detensierekord nie.

**Leerlinge se debietpunte sal van hul totaal wat tydens die verkiesing behaal is, afgetrek word.**

**Hierna mag niemand meer uitgeskakel word as kandidaat nie.**

Leeders moet ook die nominasie skriftelik aanvaar.

Tydens 'n spesiale saalperiode word alle gr. 6 leeders na die saal geroep en in klasverband in die saal geplaas op so 'n wyse dat hulle nie met mekaar kan praat nie. Elke leerder in Gr. 6 ontvang 'n afskrif van die stembrief.

Elke leerder in Gr. 6 kry nou die geleentheid om 10 seuns en 10 dogters te nomineer as leiers uit die lys van kandidate.

Die totaal van die leiers mag van jaar tot jaar van mekaar verskil. Die getal leerlinge in Gr. 6 bepaal die hoeveelheid leiers. **Vir 2020 sal daar 10 seuns en 10 dogters wees.**

Elke kind dui ook spesifiek aan wie hulle keuse as hoofleiers is. **Neem asseblief kennis dat die volgende 8 leerlinge in Gr. 6 (seuns en dogters) sal Prefekte wees wat die fluitjie by die Padpatrolliedienste gaan blaas!**

Leerlinge in Gr. 5 en 6 sal die geleentheid hê om aan te dui of hulle bereid is om diens by die Padpatrollie te doen.

Die bestuurspan, intermediêre- en senior fase opvoeders het ook stemreg, met die belading van hul stemme.

Lede van die Bestuurspan tel die stemme en stel 'n lys van alle name op volgens meeste stemme tot minste stemme.

Die 10 seuns en 10 dogters met die meeste stemme is die nuwe leerderraad.

Die spesifieke stemme vir hoofseun en -dogter word ook getel. 'n Naamlys van die meeste tot die minste stemme word dan opgestel. Die seun en dogter met die meeste stemme, is die hoofleiers en die seun en dogter met die tweede meeste stemme, die onderhoofleiers. Die groottotale van die 10 seuns- en 10 dogtersleiers asook die volgende 8 leerlinge kan/mag in ag geneem word deur die Bestuurspan.

Die Bestuurspan en ouditeure finaliseer die hoofleiers en onderleiers asook die prefekte na aanleiding van die stemming wat gehou is. **Hierdie besluit is finaal.**

Die Skoolhoof en ouditeure monitor die verkiesingsproses en as hulle tevrede is, bekragtig hulle die prefekte, leiers en hoofleiers.

Die nuutgekose leiers, prefekte en skoolpatrollieede word bekend gemaak. Hulle funksioneer die vierde kwartaal saam met die bestaande leerderraad en padpatrollie.

**Geen** insouting mag plaasvind sonder die toestemming van die skoolhoof nie.

Die Hoofleiers word tydens die prysuitdeling aangekondig.

Alle stembriewe en uitslae word in 'n koevert verseël en vir een jaar in die kluis bewaar. Enige ouer het die reg om insae in die uitslag te hê.

# Noord-Vrystaat Jukskei Flaminkies

bied aan:

# Steak en dans

## 4 OKTOBER 2019 OM 19:00

HUÛERSKOOI KROONSTAD SKOOLSAAL

# R75,00 per persoon

Kaartjies: Sentrale Volksskool

of skakel 0722817467

## Sentias SASH Splash Waterkaskenades 1 November 2019



Hierdie dag beloof om, soos in die verlede, weer 'n heerlike prettag te wees waar ons die jaar op feestelike wyse afsluit.

**R100** per leerling

Aktiwiteite sluit in:

2 Reuse glybane, "Parachute Rocket", Skuimput, 12 ekstra opblaas-apparate en natuurlik.....die meganiese bul!



R100 betaalbaar by besonderwysers voor 31 Oktober.

Bring eie swemkier, handdoek en sonblik.

Snoepie sal ook beskikbaar wees!

# Slaagvereistes

**Minimum slaagvereistes:**

**Sleutels:**

Vlak 2: 30 - 39%

Vlak 3: 40 - 49%

Vlak 4: 50 - 59%

**Bevorderingsvereistes**

**(Graad 4-6)**

Vlak 4 - Afrikaans

Vlak 3 - Engels

Vlak 3 - Wiskunde

Vlak 3 - In nog twee ander vakke.

**Bevorderingsvereistes**

**(Graad 7)**

Vlak 4 - Afrikaans

Vlak 3 - Engels

Vlak 3 - Wiskunde

Vlak 3 - In nog drie ander vakke.

Vlak 2 - in oorblywende vakke.

**Bevorderingsvereistes**

**(Graad 1-3)**

Vlak 4 - Afrikaans

Vlak 3 - Engels

Vlak 3 - Wiskunde



Sport- en Kulturfoto's kan bestel en betaal word by hul afrigters. R30 per foto. Foto's kan bestel word tot 4 Okt. 'n Jaarblad gaan ook beskikbaar wees, kostes sal nog deurgegee word. Baie dankie.

# Mielieprojek

Dankie aan almal wat betrokke is by ons mielieprojekte en ander graansoorte. Graan kan gelewer word op Sentrale Volksskool se Senwes leweringsnommer: 451409 by enige Senwes silo naby u. Kontak vir Jaco Els by 082 787 8770 vir enige navrae.

## BEGIN VROEG LENTE AVONTUUR JEUGKAMP 2019

30-22 September 2019

**Begin Vroeg Kampereien**

27°37'16.0"S 27°16'04.7"E

Om begin die 20ste om 14:00 tot die 22ste 11:00

Sondag daens begin 9:00 oile Ouens welkom

Besoek voor 17 September: [ns@sentrale.com](mailto:ns@sentrale.com) of [0722817467](tel:0722817467)

Nodig: Patrasa 0764131817

www.sentrale.com

scholers@sentrale.com

ABC na ons kamp:

A: watter jy is watter

B: help jou woordeboek om te lees

C: Omsien in die woordeboek

D: doen wat jy jou wil

E: "eie", verhoeg jou in 1000

Wat jou ek is?

- \* Ryfel & skryfgoed
- \* Ou klere & skoentjies
- \* Tsjekke
- \* Mand
- \* Slaapmat & kussing
- \* Pitt
- \* Handdoek & Toiletoes
- \* Eie medikasie
- \* GEEKSELFOON
- \* OREN
- \* LEWERSKOD
- \* Jelle selgoed word voorsien!

## Nautilus Kamp

12 Oktober 2019

Inskrywing: R180

Betaal voor 3 Oktober by Juf. Carol



17:00 20:00

**Lentefees**  
Kroonstad

**INFORMASIE:**  
 Datum: 5 Oktober 2019  
 Plek: AHS Kroonstad - Rugbyvelde, Kroonstad, Du Toit Street  
 Tyd: 08:00 (Hekke) 10:00 (Stalletjies)  
 Kaartjies: R800 (Kinders onder 13 gratis)  
 Naweek: lentefees2019@gmail.com

**KOM GENIET DIE DAG SAAM MET:**  
 APPEL, PIETER SMITH, SOMETHING BORROWED,  
 CARMEN BASSON, VAATJIE

**AKTIWITEITE:**  
 Skryf jou besigheid in vir G-A-Side Krieket, Proteas Kompetisie, Vervoer, Trekker Werksaam, Waterkooiwat, Springkooie, Brouers, Barbers, Just Magic - Verf Klasse, Kos Stralings

Quicket

DISABLED KROONSTAD

# Lentefees

Liewe Sentie-ouers

Ons het die Teetuin gekry by Rooies se Lentefees die 5de Oktober, ons vra asseblief alle hulp van die ouers.

Die wat bereid is om te help kontak asseblief vir Maretha Pelsler (082 5766 467) of Maderie le Roux (076 181 0707).

Ons benodig asseblief die volgende bestanddele:

Bruinsuiker, witsuiker, kookolie, koekmeelblom, bakpoeier, eiers, spek, 'Caramel treat' asook enige kontantbydrae.

Dit kan by die kantoor afgelaai word teen Vrydag.

Baie dankie vir u hulp

# BACK TO 80'S AND 90'S PARTY

## SOKKIE VIR VOLWASSENES

KOM HERLEEF JOU TIENERJARE.

BLUES BIED 'N "SOKKIE" MET MUSIEK VAN 80'S, 90'S EN GOLDEN OLDIES AAN.  
 PAK JOU MANDJIE MET EIE EETGOED, DRINKGOED EN EETGEREL. VURE EN YS WORD VOORSIEN.

- Wanneer: Vrydag 1 November 2019
- Tyd: 18:30 tot laat
- Waar: Blouskool
- Koste: R80 p.persoon.
- Kinders welkom @ R10. (DVD word vertoon)
- Drag: 80's of 90's
- Kaartjies beskikbaar by Blouskool se kantoor 056-2125433

**KOM DANS, BRAAI EN KUIER LEKKER SAAM.**

## COUNTRY MEAT

Our farm. Our meat. Our pleasure.

### BRAIDAY PROMOTION

23-24 SEPTEMBER

**3KG BULK DEAL** with any bottle of Housebrand Wine **R119,99/kg**

Rump	Striploin	T-Bone

Also...

**Whole/Half Lamb**  
R99,99/kg

Instagram Facebook